Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2022-02-10

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 5/2022

Civviesdag (Vrydag 11 Februarie): Leerders mag Vrydag gewone klere aantrek skool toe. ‘n Civviesfooi van R 5 is van toepassing.

Valentynsdag Sokkie: Op Vrydag 11 Februarie, bied die o/13 netbal- en rugbyspan ‘n sokkie aan ten bate van hul toer na Riebeek Kasteel. Leerders vanaf Gr. 4 tot 7 word uitgenooi om die sokkie wat van 18:00 tot 21:00 in die skoolsaal plaasvind, by te woon. Die ingangsfooi is R 20. Die snoepie sal oop wees.

Valentynsdag (Maandag 14 Februarie): Die kleredragskode vir die dag is ROOI. Alle leerders word aangemoedig om Valentynsdag te ondersteun en Maandag skool toe te kom in iets rooi, wat die Gr. 1 Waarde van Liefde uitbeeld. ‘n Civviesfooi van R 5 is van toepassing.

SPORT

Atletiek – Interhuis Byeenkomste: Ons interhuis atletiekbyeenkomste het op onderskeidelik 28 en 31 Januarie plaasgevind. Groot dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning en bywoning sowel as elke atleet wat deelgeneem het en sy span ondersteun het. Slegs een rekord is gebreek: Geluk aan Jaymar Swarts (S o/7) – 80m.

Die Victrix Ludorum: Melita Steyn
Die Victor Ludorum: Katleho Khomo

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Die volgende leerders het in hul onderskeie ouderdomsgroepe die meeste punte verwerf:

	DOGTERS	*SEUNS*
o/7	Leani Knoesen	Jaymar Swarts
o/8	Logan Hoffman	Franco van Niekerk
o/9	Simone van der Walt	Jordan Felix
o/10	Mila-Rose Cupido / Tashnique de Lange	Ethan Swarts
o/11	Lesedi Vumazonke	Nayhum Swarts
o/12	Zelne Millard	Jon-Daniel Witbooi
o/13	Melita Steyn	Katleho Khomo
o/14	Acgobile Mahlathi	---

Atletiek – Sonebyeenkoms (5 Februarie): 88 van ons atlete het tydens die Humansdorp Sone-byeenkoms aan 48 items deelgeneem en die volgende resultate behaal:

- Goud – 11
- Silwer – 13
- Brons – 10

Atletiek - Kouga Distriksbyeenkoms: Die volgende rondte waaraan ons atlete gaan deelneem vind Saterdag 12 Februarie in Patensie plaas. Die 38 atlete wat aan 52 items gaan deelneem het reeds hul inligting en program ontvang.

Swem - Interhuisgala: Ons skool se interhuisgala vind op Dinsdag 22 Februarie om 12:30 by die swembad van Hoerskool Nico Malan plaas.

Rugby - Kouga Rugby: Ons wens graag vir mnr. Wian Pienaar geluk met sy aanstelling as hulp-afriger van die Kouga o/13 rugbyspan.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

KULTUUR

Interklasvoordrag: Die interklasvoordrag vind op 18 Februarie plaas. Alle leerders het reeds hul gedigte hiervoor ontvang.

ALGEMEEN

Afwesige leerders: Leerders wat afwesig is van skool, bly daarvoor verantwoordelik om self seker te maak dat alle werk wat gemis is in gehaal word.

Klerewinkel: Weens ‘n groeiende behoefte het ons die bedryfsure van die skool se klerewinkel uitgebrei. Die tye is as volg:

Dinsdae & Woensdae:	07:15-08:15
Donderdae:	12:30-13:30

Skoolure – Dinsdag 22 Februarie: Weens die interhuis swemgala verdaag alle leerders om 12:00 vanaf die skool.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF